

See discussions, stats, and author profiles for this publication at: <https://www.researchgate.net/publication/313024771>

# Perspektiewe op Afrikaans in die werk van swart Afrikaanse digters in post-apartheid Suid-Afrika

Chapter · January 2013

---

CITATIONS

0

READS

233

1 author:



Louise Viljoen

Stellenbosch University

82 PUBLICATIONS 87 CITATIONS

SEE PROFILE

Some of the authors of this publication are also working on these related projects:



Transnational Poetics [View project](#)



Postcolonialism and Afrikaans Literature [View project](#)

## **Perspektiewe op Afrikaans in die werk van swart Afrikaanse digters in post-apartheid Suid-Afrika**

**Louise Viljoen**

### **Swart Afrikaanse skrywers, Afrikaans en die literêre kanon**

Enige bespreking van die manier waarop swart Afrikaanse digters in hulle poësie kommentaar lewer op die taal waarin hulle skryf na Suid-Afrika se oorgang van demokrasie in 1994 moet noodwendig begin met 'n verwysing na die ambivalente status van Afrikaans. Studies oor die ontwikkeling van Afrikaans is dit eens dat die taal gevorm is deur die interaksie van die Nederlands gepraat deur die eerste setlaars in Suid-Afrika met die Maleis gepraat deur slawe, die Kreool-Portugees gebruik deur matrose sowel as slawe en die inheemse taal Khoi; ook dat dit spore van Duits, Frans, Arabies, Afrika-tale en Engels bevat.<sup>1</sup> Aan die een kant is dit die moedertaal van wit Afrikaners en dra dit die las van 'n assosiasie met die uitsluitende en onderdrukkende beleid van Afrikanernasionalisme. Aan die ander kant is meer as die helfte van die taal se sprekers van gemengde afkoms en is die taal ook gebruik as 'n instrument in die stryd teen apartheid. As sodanig het dit dus veral in die tweede helfte van die twintigste eeu die etiket van beide taal van die onderdrukker en die onderdrukte gedra. Na 1994 het Afrikaans sy bevoorregte posisie as een van slegs twee amptelike tale in Suid-Afrika verloor om een van elf amptelike tale te word, met Engels wat steeds meer gebruik word as die amptelike taal en *lingua franca* van die land. Vir die doel van hierdie bespreking is dit ook belangrik om in gedagte te hou dat die aandeel wat bruin sprekers van Afrikaans gehad het in die ontwikkeling van die taal meermale onderbeklemtoon en selfs verswyg is in Afrikanernasionalistiese weergawes van die ontwikkeling van die taal.

Hiernaas is dit ook belangrik om die gebruik van die term “swart Afrikaanse skrywer” te verduidelik. Binne die Suid-Afrikaanse konteks verwys die term na skrywers van gemengde afkoms wie se moedertaal Afrikaans is en wat die taal gebruik as medium van literêre uitdrukking. Ampie Coetzee skryf dat, gesien vanuit 'n Foucauldiaanse perspektief, swart Afrikaanse skryfwerk 'n diskursiewe formasie is wat onder andere gekenmerk word deur diskussies oor die keuse van hierdie skrywers om hulle self te beskryf as “swart” eerder as “bruin”.<sup>2</sup> Die meeste Afrikaanse skrywers van gemengde afkoms het in die apartheidsjare die

---

<sup>1</sup> Vergelyk volgende bronne oor die ontwikkeling van Afrikaans: Besten 1986, 185-230; Ponelis 1993; Roberge 1995, 68-88; Roberge 2003, 15-40.

<sup>2</sup> Coetzee 2002.

term “Kleurling” verwerp omdat hulle gevoel het dat dit ’n stilswyende aanvaarding van apartheid se rasse-kategorieë “Bantoe”, “Kleurling” en “Indiër” sou impliseer. Hein Willemse argumenteer dat die gebruik van die politiek-inklusiewe term “swart” ’n verset was teen die etikette van onderdrukking om sodoende protes teen en verwerping van die wit heersende klas se rasse-kategorieë te sinjaleer.<sup>3</sup> Volgens die historikus Mohamed Adhikari het hierdie strategie saamgeval met “coloured rejectionism”, aangewakker deur die ideaal van ’n nie-rassige Suid-Afrika in anti-apartheidsbewegings soos die Non-European Unity Movement (NEUM) in die 1970’s en die United Democratic Front (UDF) in die 1980’s.<sup>4</sup>

Ampie Coetzee meen dat die gebruik van die term solidariteit gebring het onder Afrikaanse skrywers wat uitgesluit was van wit bevoorregting. Hy konstrueer dus die swart Afrikaanse skrywer as ’n nie-Afrikaner, Afrikaanssprekende en nie-hegemoniese skrywer: die term is gemunt om hierdie skrywers te onderskei van Afrikaner-skrywers of wit Afrikaanse skrywers en het die aandag gevestig op hulle ervaring van marginalisering binne die kanon van die Afrikaanse letterkunde.<sup>5</sup> Willemse verwys na die “onsigbare grense” tussen swart Afrikaanse skrywers en die hoofsaaklik wit Afrikaanse literêre tradisie en argumenteer dat die manier waarop die taal Afrikaans en die Afrikaanse letterkunde vir die grootste deel van die geskiedenis gekonstrueer was swart Afrikaanssprekendes gemarginaliseer het sodat hulle bydraes op die kantlyn geplaas is en hulle potensiaal as skrywers nie ten volle erken is nie. Selfs al sou dit die ideaal wees om rasse-kategorieë op te hef, argumenteer Willemse dat die onderskeid tussen wit en swart in die Afrikaanse literatuurstudie en literatuurgeskiedskrywing gehandhaaf moet word omdat ras en etniese affiliasie so ’n deurslaggewende rol gespeel het in die verlede.<sup>6</sup> Ten einde my bespreking te laat aansluit by die bestaande akademiese diskoers (gevestig deur ondersoekers soos Jakes Gerwel, Hein Willemse, Steward van Wyk, Ampie Coetzee en andere) sal ek in hierdie bespreking die term swart Afrikaanse digter gebruik.

Alhoewel ’n hele aantal swart Afrikaanse skrywers literêre tekste gepubliseer het vanaf die 1940’s (met as mees prominente verteenwoordigers die digters S.V. Petersen, P.J. Philander, Adam Small en Lionel Sheldon), was daar ’n merkbare toename in die literêre produksie van swart Afrikaanse skrywers na 1976. Willemse skryf dit toe aan die invloed van die swart bewussynsbeweging, ’n verhoogde politiese bewussyn en die opkoms van ’n intellektuele middelklas.<sup>7</sup> Die skrywers wat vanaf die middel van die sewentigerjare na vore kom, is

---

<sup>3</sup> Willemse 2007, 30-31.

<sup>4</sup> Adhikari 2005, 161.

<sup>5</sup> Coetzee 2002, 154-155.

<sup>6</sup> Willemse 2007, 33-61.

<sup>7</sup> Willemse 1999, 11.

Julian de Wette, Vernie February, Hein Willemsse, Frank Anthony, Peter Snyders, Patrick Petersen, Clinton V. du Plessis, Vincent Oliphant en Marius Titus. Na 1994 kom die belangrikste bydraes van A.H.M. Scholtz, S.P. Benjamin, E.K.M. Dido, Kirby van der Merwe, Loit Sôls, Floris Brown, Diana Ferrus en Ronelda Kamfer. Oorsigte van die veld<sup>8</sup> toon dat sosio-politiese temas oorheers in die werk van hierdie skrywers en wys die volgende kenmerke uit: die herskrywing van die geskiedenis vanuit die perspektief van die gemarginaliseerdes, die artikulering van hulle eie gemeenskappe se ervaring, die opvoeding van hierdie gemeenskappe deur middel van literêre tekste om hulle leserspubliek te word, die skryf van tekste vanuit die perspektief van die werkersklas, 'n bewussyn van die skrywers se politieke rol (alhoewel dit deur enkele van die skrywers bevestig is), die oortuiging dat hulle werk toeganklik moet wees om gelees te word tydens politieke vergaderings en kulturele byeenkomste tydens die stryd teen apartheid, die gebruik van spreektaalvorme van Afrikaans as 'n vorm van verzet, die soeke na positiewe konstruksies van identiteit, die herwaardering van onder-gewaardeerde kulturele uitdrukkings en die soeke na 'n eie estetika.

Dit is teen hierdie agtergrond wat die artikel, aan die hand van geselekteerde voorbeelde, ondersoek instel na die wyse waarop swart Afrikaanse digters hulle in gedigte geskryf na Suid-Afrika se oorgang na 'n demokratiese bestel in 1994 uitspreek oor Afrikaans.

*Die posisie van Afrikaans na 1994: Diana Ferrus, Clinton V. du Plessis*

Die besinning oor taal as die medium van poësie is 'n belangrike tema binne enige poëtiese tradisie, ook dié van Afrikaans. Binne die breër konteks van metapoëtiese refleksie oor die aard van die taal en die moontlikhede van representasie in die algemeen, is dit egter opvallend dat Afrikaanse digters dikwels die intieme en konfessionele ruimte van die poësie gebruik om te besin oor Afrikaans. In die periode na 1994 word daar dikwels geskryf oor die nuwe posisie van Afrikaans as een van elf amptelike tale wat steeds meer van sy formele funksies moet afstaan aan Engels wat stelselmatig besig is om die enigste amptelike taal van Suid-Afrika te word. Hierdie gegewe ontlok 'n hele spektrum van emosies by Afrikaanse digters wat wissel vanaf opgetoënheid oor die feit dat die taal deur sy weerloosheid na 1994 bevry is van 'n ongeregverdigde magsposisie, gevoelens van skuld oor dit wat gedoen is deur sommige sprekers van die taal, kommer oor die agteruitgang in die taal se amptelike status en woede oor die taal se moontlike ondergang. Dit is dus nie vreemd dat swart Afrikaanse skrywers ook hulle poësie gebruik om hulle uit te spreek oor die posisie van Afrikaans na 1994 nie en dat daar onder hulle ook uiteenlopende opvattinge na vore kom nie.

Diana Ferrus se bundel *Ons komvandaan* van 2005 is in 'n groot mate 'n poging om haar herkoms te beskryf en haar voorsate te huldig. Daar is verwysings na verre voorsate soos Sara Baartman ("Vir Sara Baartman") en slawe-voorouers ("Ons komvandaan") sowel as

---

<sup>8</sup> Vergelyk Gerwel 1985, Willemsse 1999 en 2007, Van Wyk 1999, Coetzee 2002.

lede van die intieme familiekring (“Herinneringe”, “Aachen,” “Antie Sarie”) en figure uit die anti-apartheidstryd met wie sy identifiseer (“Vir Basil February”, “Winnie”, “Vir Patrick Petersen”). Die gedigte oor Afrikaans adem ’n optimistiese sfeer en sien duidelik ’n plek daarvoor in post-apartheid Suid-Afrika. Die gedig “Afrikaans, ’n versoeningstaal” verwys na die opvatting dat Afrikaans van Europese afkoms is en gesien is as die taal van die onderdrukker, maar beklemtoon hierteenoor die feit dat die taal sy oorsprong gehad het in “die buik van Afrika”, dat dit dans “uit die monde van slawe, Europeërs en inheemse volke” en dat dit sing in “’n duisend stemme”.<sup>9</sup> Die slotstrofe van die gedig suggereer dat die taal versoenend optree teenoor ander tale en opgaan in die Afrika-Renaissance (’n begrip gepropageer deur Thabo Mbeki tydens sy termyn as Suid-Afrikaanse president). In aansluiting hierby is die gedig “Kom ons praat weer Afrikaans” ’n hartstogtelike pleidooi vir veeltaligheid eerder as eentaligheid in Suid-Afrika en vir die hernude gebruik van Afrikaans. Alhoewel daar verwys word na Afrikaans se reputasie as onderdrukkerstaal, beklemtoon die gedig dat die bevrydingstryd in Afrikaans gestry is (“Ander het die taal met moedersmelk ingekry, / het hulle bevrydingstryd in hierdie taal gestry!”).<sup>10</sup>

Hierteenoor gebruik ’n ander swart Afrikaanse digter, Clinton V. du Plessis, sy poësie om sy kommer uit te spreek oor die voortgesette bestaan van Afrikaans. Die gedig “die taal” in Du Plessis se bundel *gedigte, talk show hosts & reality shows* van 2009 is gebaseer op die templaar verskaf deur Ingrid Jonker se bekende gedig “Die kind wat doodgeskiet is deur soldate by Nyanga”. In Jonker se gedig lig die kind sy vuiste teen sy vader en moeder; in die geval van Du Plessis se gedig keer Afrikaans ’n “gekneusde gesig” na sy moeder wat uit die politieke bevrydingstryd kom en na sy vader wat geassosieer word met politieke onderdrukking. Die suggestie is dat die taal onvermydelik geskaad is deur sy ambivalente geskiedenis. Aan die een kant sê die gedig dat Afrikaans nie dood is nie en verwys dit na die rykdom van betekenis daarin opgesluit. Aan die ander kant stel die gedig dit ook dat die taal “tenger en weerloos” is en betreur dit die feit dat die taal uitgesluit word van amptelike vergaderings en die wetgewende prosesse in die nuwe Suid-Afrika. Die refreinreël in Jonker se gedig, “Die kind is nie dood nie”, word hier vervang met “die taal is nog nie dood nie” wat suggereer dat daar wel die moontlikheid is dat die taal mag uitsterf. Die gedig bou egter op na die slotstrofe wat wel tot die konklusie kom dat die taal besig is om te sterf:

die taal wat ’n boom wou word met baie wortels, wat wou tak en blaar oor afrika  
die taal wat ’n beitel wou word, kan nie meer reis nie  
sterf met sy meulsteen, sonder ’n paspoort  
sonder ’n land.<sup>11</sup>

---

<sup>9</sup> Ferrus 2005, 18.

<sup>10</sup> Ferrus 2005, 19-20.

<sup>11</sup> Du Plessis 2009, 13.

Ten spyte van sy betrokkenheid by Afrikaans wat onder andere uit bogenoemde gedig spreek, het Du Plessis homself in 2010 by monde van 'n artikel getitel “Fokofafrikaans, 'n swanesang” onttrek van Afrikaans vanweë dit wat hy ervaar as die voortgesette marginalisering van swart Afrikaanse skrywers.<sup>12</sup>

*Die gebruik van niestandaardvariëteite van Afrikaans: Peter Snyders, Marius Titus, Loit Sôls*

Die gebruik van niestandaardvariëte van Afrikaans deur swart Afrikaanse skrywers is reeds sedert die sestigerjare 'n besprekingspunt. Adam Small se gebruik van die niestandaardvariëteit Kaaps in sy bundels *Kitaar my kruis* (1962) en *Sê Sjibbolet* (1963) is deur sommige gekritiseer omdat hulle gemeen het dat dit bruinmense op negatiewe wyse stereotipeer en hulle as etniese groep uitsonder eerder as wat dit nie-rassigheid bevorder. Laasgenoemde argument is gestel deur Richard Rive tydens die eerste simposium oor Swart Afrikaans skrywers in 1985<sup>13</sup> ten spyte van die feit dat Small beklemtoon het dat hy Kaaps beskou as 'n volwaardige taal wat “die volle lot en noodlot van die mense wat dit praat, dra”.<sup>14</sup> Die taalkundige Frank Hendricks meen eweneens dat Small as skrywer oortuig was van die “gebruiksgeldigheid van Kaaps” in teenstelling met die “hiërgiesie perspektief op die verskeidenheid van Afrikaans” wat in die sestigerjare van krag was.<sup>15</sup>

Peter Snyders is nog 'n swart Afrikaanse digter wat 'n niestandaardvariëteit van Afrikaans gebruik in sy poësie. Dit is die geval in sy eerste twee bundels *'n Ordinary mens* (1982) en *'n Waarskynlike mens* (1992), sowel as die bundel *Tekens van die Tye* (2002) wat gepubliseer is na 1994. Hy verwys in die gedig “Ek is siëker Die Bruinmense” in laasgenoemde bundel na die debat oor die gebruik van Kaaps en roep ook die akademiese diskoers rondom die keuse vir die gebruik van die term “swart” in plaas van “Kleurling” of “bruin” op:

**Ek is siëker die Bruinmense**

Die swart geleerdes -  
(dis nou die Kleurling  
in die blacks-, coloureds- en Indian-ding)  
sê  
as dji in Kaaps skryf  
stereotype dji die Kleurlinggroep  
wat, volgens hulle, nie bestaan nie  
oekie die Kaaps wat ons praat nie.

---

<sup>12</sup> Du Plessis 2010.

<sup>13</sup> Rive 1985, 65-69.

<sup>14</sup> Small 1973, 10,

<sup>15</sup> Hendricks 2012, 101.

En as ek oor myself skryf  
vir wie stereotype ek dan?<sup>16</sup>

Dit is duidelik dat die spreker in hierdie gedig suggereer dat die argumente oor stereotipering gevoer word vanuit 'n posisie buite Kaaps. Deur middel van die retoriese vraag in die slotstrofe suggereer hy dat stereotipering slegs kan plaasvind indien jy oor iemand anders skryf en nie wanneer jy oor jouself en in jou eie taal skryf nie. Uit die gedig blyk sy skeptisisme oor die gebruik van die term “swart” omdat dit wat hom betref 'n ontkenning is van die bestaan van die “Kleurlinggroep”, ook sy huiwering oor die term “Bruinmense” (vergelyk die titel “Ek is siëker die Bruinmense”). Die posisie wat Snyders in hierdie gedig inneem, toon dat die kontestering van die terme swart, bruin en Kleurling ook in post-apartheid Suid-Afrika voortgaan.

In die gedig “Volk sonner taal” uit dieselfde bundel lewer Snyders kommentaar op die interaksie tussen taal en identiteit:

### **Volk sonner taal**

Sonner identity  
het ek g'n taal,  
soe, ek maak 'n woord hier  
en ek liën 'n woord daar.

Die moedertaal se basterkind  
issie unofficial taal  
van my streek  
wat my steeds  
as volklose mens  
grondwetlik bepaal.<sup>17</sup>

Hierdie gedig suggereer dat die bruinmense onder die apartheidsbedeling “sonner identity” was, 'n verwysing na die feit dat hulle nie as volwaardige burgers met volle demokratiese regte deur die apartheidsbestel erken is nie. Om hierdie rede konstrueer hy sy eie variëteit van Afrikaans deur woorde te maak en te leen. Hierdie taal noem hy dan “[d]ie moedertaal se basterkind”, 'n woord wat die diskriminasie teen die bruin sprekers van Afrikaans en sekere taalvariëteite oproep. Verder word daar gesê hierdie taal is die “unofficial taal / van my streek” wat uitwys dat hierdie variëteit van Afrikaans (wat gevorm is as gevolg van uitsluiting) nie in die ou bedeling amptelike status gehad het nie en dit ook nie in die nuwe bedeling het nie. As gevolg hiervan is die spreker nog steeds 'n “volklose mens” wie se burgerskap nie werklik deur die grondwet erken word nie: hy het nie 'n “official taal” nie en is daarom “volkloos”. Die verwysing na 'n “volk” roep deur die suggestie van die “Afrikanervolk” die ou bedeling in Suid-Afrika op, maar kan ook geles word as 'n

---

<sup>16</sup> Snyders 2002, 54.

<sup>17</sup> Snyders 2002, 19.

verwysing na die nuwe Suid-Afrikaanse nasie waarin die spreker hom steeds nie gerespekteer voel nie. Laasgenoemde afleiding berus veral op ander gedigte in die bundel soos “Monochrome riënboognasie” waarin daar verwys word na die metafoor van die reënboog vir die Suid-Afrikaanse nasie.<sup>18</sup> Volgens die spreker in hierdie gedig is dit ’n wit en swart reënboog waarby hy as bruinmens uitgesluit voel. Snyders se bundel *Tekens van die tye* lewer dus kommentaar op die wyse waarop rasse-diskriminasie eintlik van hom ’n mens “sonner identity” gemaak het en hoe dit sy Afrikaans bepaal het. Dit gaan verder deur daarop te wys dat die gebruik daarvan hom na die demokratisering van Suid-Afrika in 1994 nog steeds merk as ’n buitestaander.

Marius Titus sluit aan by Adam Small en Peter Snyders met sy gebruik van ’n niestandaardvariëteit van Afrikaans wat herinner aan Kaaps in die bundel *Genesing in vuil water* van 1999. Dit is duidelik dat hy hom hierdeur verset teen die stigmatisering en uitsluiting van die sogenaamde niestandaardvariëteite van Afrikaans. Die kwessie word getematiseer in gedigte soos “Taalrit” waarin die metafoor van ’n motorwedren gebruik word om aan te dui dat Afrikaans ’n “oorvol waentjie” saamsleep en dus nie kan vorder in die wedren tussen verskillende tale nie. Die gedig suggereer dat eksklusiwiteit die rede is vir Afrikaans se swak vertoning: “Al daai klomp exclusive goed / is die oorsaak van die lae spoed”.<sup>19</sup> Hiernaas is daar ook die gedig “Oegtie roep” waarin daar aangedring word op ’n meer inklusiewe Afrikaans deur gebruik te maak van ’n hele reeks woorde wat hulle oorsprong het in die Afrikaans gepraat deur Kaapse Moslems (soos beskryf deur Davids in *The Afrikaans of the Cape Muslims* van 2011):

### **Oegtie roep**

Ek het ook deel in jou ontstaan –  
sê Oegtie Maleis vir Afrikaans.  
Ek oenang jou om saam met my  
ietjma en fatwa oor die sakie te kry.

Daai ding is uit van check jou bek  
en kombuistaaltjie ken jou plek.

Booia, Motjie, Galatie en Gala,  
roep soos ’n bilal en vra kanalla  
om my hart te wen  
en my rol te erken.

Lambaar is verby, kom laat ons trou-  
dié Maleise ghantang is deel van jou.

Ons oenang vir jou halaal bobotie  
samoesas, sosaties, boeber en motjies.

---

<sup>18</sup> Snyders 2002, 48.

<sup>19</sup> Titus 1999, 11.



Laat ons slammat sê en maak jou tuis  
tussen Oosterse kruie in my kombuis.  
Getrou spring ons maniengal vry,  
saam sal ons uit die koeber bly.<sup>20</sup>

Die gedig begin deurdat “Oegtie Maleis” (vrou of suster Maleis) die taal Afrikaans daarop wys dat sy deel was van die ontwikkeling daarvan. Die tweede strofe verwys daarna dat tye verander het en dat daar nie meer sprake is daarvan dat sy moet stilbly en as “kombuistaal” (’n minderwaardige variëteit van die taal) haar plek moet ken nie. Die rolle is eerder omgekeer: (standaard)Afrikaans word aangesê om soos ’n “bilal” (bekeerling) te roep en “kanalla” (asseblief) te vra om “oegtie Maleis” se hart te wen en haar rol te erken. Die derde strofe sê dat die “lambaar” (verlowing) verby is en dat hulle nou kan trou. So ’n huwelik sal die enigste manier wees waarop hulle “maniengal” (die dood) kan vryspring en uit die “koeber” (begraafplaas) bly. Dié gedig stel doelbewus uitdagings aan poësie-lesers wat slegs die standaardvariëteit van Afrikaans ken deur die insluiting van woorde soos “oegtie”, “oenang”, “ietjma”, “fatwa”, “bilal”, “kanalla”, “lambaar”, “ghantang”, “boeber”, “motjies”, “slammat”, “maniengal” en “koeber”. Die taalkundige Achmat Davids skryf in sy studie *The Afrikaans of the Cape Muslims* oor die herkoms van sommige van hierdie woorde.<sup>21</sup> Ronelda Kamfer se tweede bundel *grond/Santekraam* van 2011 beklemtoon eweneens die rol wat Kaapse Moslems en Islam gespeel het in die ontwikkeling van Afrikaans deur die insluiting van verwysings na Arabiese spreuke, Arabiese skrif en Arabiese woorde in sommige gedigte (vergelyk die gedigte “grond”, “Insha’Allah”, “slot onder water” en “slot slot slot” in die bundel).<sup>22</sup>

Loit Sôls gebruik in die digbundels *My straat en anne praat-poems* (1998) en *Die far-away klanke vanne hadeda* (2006) op sy beurt ’n hibridiese taalvorm wat hy Goema noem. Sy gedigte is ’n vorm van praat-poësie wat ’n kombinasie is van “performance poetry” en “rap” (kletsrym). Ten spyte van die gebruik van rym en die gestileerde ritmiese element word daar in hierdie gedigte so na as moontlik beweeg aan ’n spreektaal wat hom nie steur aan enige taalvoorskrifte nie en ook nie huiwer vir kruheid nie. In die woordelys wat eersgenoemde bundel afsluit, beskryf Sôls “Goema” as “Afrikaans soos gepraat op die Kaapse Vlakte”. Hy sit die aard daarvan verder uiteen in die gedig getitel “Goema”. Hiervolgens is “Goema” ’n “hele mix bredie” wat bestaan uit ’n vermenging van verskillende tale. Alhoewel die taal se wortels (“roots”) in Engels en Afrikaans lê, spruit daar in sy geval nuwe en eiesoortige lote (“stingels”) daaruit:

---

<sup>20</sup> Titus 1999. 9.

<sup>21</sup> Davids 2011, 250-251.

<sup>22</sup> Kamfer 2011, 10, 14, 55 en 59.

Ek laik Ingels  
ma' ek prefer Mingils  
Afrikaans oek  
ma' my tong soek:  
sy roots het anne soot stingels<sup>23</sup>

Sôls gaan voort om Goema as poëtiese instrument te gebruik in sy tweede bundel *Die faraway klank vanne hadeda* (2006). Die gedig “Goema II” beklemtoon weer eens dat Goema ’n mengsel is van Afrikaans en Engels (“Afrikaans en Engels was in my in gedrill / Ma’ is opgemengels in my opgroei-wil”).<sup>24</sup> Hierdie gedig beklemtoon dat die skep van ’n nuwe taal uit Engels en Afrikaans die spreker ’n gevoel van vryheid gee wat hy nie met enige ander taal kon kry nie. Volgens die gedig het hy ’n voorkeur vir tale wat voortdurend ontwikkel en verander, juis omdat dit kontak tussen mense moontlik maak (“Ma’ watte sorry state isse taal wat al lankal klaa gedetermine is / Mense smaak mos connection, vannie pub tot byrrie terminus”).

Dit blyk reeds uit Sôls se eerste bundel hoe belangrik dit vir hom is om deur die vermenging van Engels en Afrikaans ’n nuwe taal te skep wat sy kulturele identiteit kan dra. In die gedig “Wierre fok is ék han?” rig die spreker ’n aanklag teen “dr whitemind” (die geleerde witman, ’n persoon wie se denke alleenlik gemoeid is met die witmens) wat hom in so ’n mate oorheers het dat hy van sy eie kultuur ontnem is en in die proses begin twyfel het aan sy eie identiteit. Hy verwys na die sosiale en kulturele oorheersing deur Engelse én Afrikaanse witmense (“dij was nou net amazing – / met jou baa-baa black sheep / en djan pierewiet”); ook na die verwoesting van sy “cultural heritage”, die erodering van sy geskiedenis en die wegneem van sy eiendom. Deur die skep van ’n unieke taalvorm kan hy egter sy eie kulturele identiteit bevestig:

ek hou jou dop –  
die kee is ek groot genoeg  
en ék gannie vegiet  
wierre fok ek issie <sup>25</sup>

In die gedigte wat hierbo bespreek is, blyk dit dat vir die digters belangrik is om legitimiteit en respek te eis vir dié vorme van Afrikaans wat vantevore nie erkenning geniet het nie omdat dit buite die standaardvariëteit gelê het. Dit is duidelik dat daar ’n behoefte is vir die insluiting én erkenning van al die invloede wat Afrikaans gevorm het terwyl eksklusiwiteit en uitsluiting gesien word as iets wat die oorlewing van die taal bedreig, kommunikasie en

---

<sup>23</sup> Sôls 1998, 18-19.

<sup>24</sup> Sôls 2006, 16.

<sup>25</sup> Sôls 1998, 14-15.

interaksie kortwiek en vryheid belemmer. Veral in Sôls se geval is daar 'n behoefte om die taal te omskep tot 'n unieke hibriede vorm waarin hy homself kan uitleef.

*Die terug-eis van die taal: Ronelda Kamfer*

Ook die digter Ronelda Kamfer lewer in haar poësie kommentaar op die komplekse verhouding met haar moedertaal Afrikaans. In die gedig “Kuns en culture”, opgeneem in *Nuwe stemme 3* (geregigeer deur Krog & Shaffer, 2005), blyk dit dat een van die komponente van haar talige identiteit 'n skaamte is oor Afrikaans en sommige van die kulturele uitinge wat daarmee geassosieer word (soos byvoorbeeld die Afrikaanse musiek wat op die radio te hoor is). Die spreker in die gedig bely dat sy van hierdie Afrikaanse musiek hou en “liegstories” opmaak sodat sy ongestoord daarna kan luister op die radio sonder dat haar vriende daarvan uitvind. Hierop volg dan die volgende strofes:

dis weird hoekom ek skaam is vir 'n taal wat ek praat  
dis even nog meer weird dat ek en my vriende  
nooit na die “kultuur”-events toe genooi word nie  
daar is 'n groot panic attack aan die gang oor 'n taal  
maar hulle sal nooit ons hulp vra nie  
die geraas gaan nie oor 'n taal nie  
dit gaan oor bang mense wat vasklou  
soos 'n baba aan 'n bottle  
almal moet groot word  
ek het respect vir die taal wat ek praat  
ek like dit net beter as ek dit kan flex  
en tune om by my wêreld in te pas  
ek luister steeds my geheime stasie  
maar om dinge te balance  
eet ek mieliepap en djol in 'n shebeen  
nou daais kuns en kultuur<sup>26</sup>

In hierdie strofes erken die spreker dat dit vreemd is om skaam te wees vir 'n taal wat sy praat, maar plaas sy dit teenoor die nog groter vreemdheid van Afrikaans se geskiedenis waarin sekere sprekers se aandeel in die ontwikkeling en hulle belang by die voortbestaan van die taal ontken is. Die feit dat bruin mense se hulp nie gevra word wanneer dit gaan oor die toekoms van Afrikaans nie, impliseer dat hulle nie werklik as deel van die Afrikaanse taalgemeenskap gesien word nie. Die spreker in die gedig gaan voort om te sê dat daar onderliggend aan haar skaamte vir die taal ook 'n affiniteit en respek daarvoor is, veral as sy die taal kan “flex en tune” om by haar “wêreld in te pas”. Ook by haar is daar dus die gevoel dat die taal 'n soepel instrument moet wees wat die vermoë het om aan te pas by omstandighede. In haar eie geval integreer sy elemente van die Afrikaanse kultuur (“ek

---

<sup>26</sup> Vergelyk Krog & Shaffer 2005, 73-74.

luister steeds my geheime stasie”) met elemente uit die swart stedelike kultuur (“djol in ’n shebeen”).

Bogenoemde gedig, waarin gevoelens soos skaamte, respek en aangetrokkenheid deel uitmaak van die spreker se verhouding met Afrikaans, is uiteindelik nie opgeneem in haar debuutbundel *Noudat slapende honde* van 2008 nie. Hierdie bundel bevat egter wel die gedig “vergewe my maar ek is Afrikaans” wat ’n verdere blik bied op die digter se komplekse verhouding met haar moedertaal. In hierdie gedig verwys die spreker daarna dat die wit patriarge van apartheid (hulle word aangespreek as “lieuwe ooms” en later beskryf as “die Boere”) die taal Afrikaans en die idee van ’n gepaardgaande Afrikaanse identiteit vir hulleself toegeëien het. Net soos in Snyders se geval, is daar die suggestie dat hierdie uitsluiting van bruinmense hulle gelaat het met ’n soort non-identiteit. In haar geval gaan dit egter ook gepaard met ’n byna instinktiewe en onbeheerbare vrees. Die spreker in die gedig vertel dat hierdie “ooms” die “Boogie Man” van haar kindertyd was en dat sy ’n byna onbeheerste vrees vir hulle gehad het (strofes 2 en 3). Sy maak dit ook duidelik dat hierdie soort vrees nie maklik af te skud is nie (“but as with every childhood fear / adulthood changes nothing”). Die spreker maak egter vordering wanneer sy op uitdagende wyse haar Afrikaanse identiteit terugeis van die ooms wat haar vroeër so geïntimideer het:

maar ten minste kan ek julle nou sonder  
'n breakdown ignore  
en dit alles te danke aan  
VOORUITGANG  
yes, julle etters  
ek het julle geheim ontdek  
  
ek praat julle taal  
ek eet julle kos  
ek bly in julle vaderland  
ek drink julle wyn  
ek sing julle musiek  
en lieuwe ooms, ek, ja, ek, ek vry met julle seuns<sup>27</sup>

Sy neem dus haar Afrikaanse identiteit terug van die Afrikaner-mans wat vir so lank te kenne gegee het dat Afrikaans hulle taal is, dat Suid-Afrika hulle vaderland is en dat sommige van die kulturele produkte (kos, wyn, musiek) hulle skeppinge en dus ook hulle eiendom is. Hoe sterk die impak van hulle appropriasie was, blyk egter wanneer die spreker vir die ooms sê sy praat “hulle” taal, eet “hulle” kos, bly in “hulle” vaderland, drink “hulle” wyn” en sing “hulle” musiek. Haar mees provokatiewe stelling, gesien vanuit die perspektief van die ooms, is wanneer sy sê dat sy “vry met [hulle] seuns”. Hiermee daag sy een van die groot taboes in die apartheidstyd, naamlike seksuele omgang oor die kleurgrens, uit. Alhoewel die spreker in die titel van die gedig haarself as Afrikaans beskryf, gee die gebruik van die frase

---

<sup>27</sup> Kamfer 2008, 32-33.

“vergewe my”, die gedig se verwysings na kindertydvrese en ’n moontlike “breakdown” ’n aanduiding van die moed wat dit verg om haar Afrikaanse identiteit terug te neem van die “ooms” wat ’n personifiëring is van die politieke sisteem wat haar onderdruk het en haar Afrikaansheid ontken het. Kamfer se gedig demonstreer die hoë psigologiese prys wat die individu betaal wanneer sy of haar identiteit op hierdie manier ontken word. Die gedig is dus ’n uitdagende terugeis van talige en kulturele identiteit, maar maak die leser ook bewus van die psigologiese skade wat mense berokken is.

### **Ter afsluiting**

Alhoewel daar ’n groot mate van diversiteit is in die wyse waarop bogenoemde digters hulle verhouding met Afrikaans in post-apartheid Suid-Afrika artikuleer, is daar tog bepaalde ooreenkomste. Byna sonder uitsondering verwys hierdie digters na die diskriminasie, marginalisering en uitsluiting wat bruin sprekers van Afrikaans moes ervaar in die verlede. Dit is duidelik dat omtrent elkeen van hierdie digters worstel met die komplekse geskiedenis van die taal waarin hulle skryf. Sowel diegene wat optimisties is dat die taal versoening kan bewerkstellig as dié wat pessimisties is oor die taal se oorlewing herinner die leser aan die skade wat die taal berokken is deur die geskiedenis van diskriminasie en uitsluiting. Dit is juis om hierdie rede dat digters wat niestandaardvariëteite van die taal gebruik, aandring op die legitimiteit daarvan en respek daarvoor opeis. Dit blyk ook uit die werk van ’n digter soos Ronelda Kamfer dat die rekonstruksie van ’n Afrikaanse identiteit waarin die taal by wyse van spreke geherappropriëer word ’n pynlike proses is waardeur die trauma van die verlede sowel as gevoelens van woede, wrewel, self-twyfel en skaamte aangespreek moet word.

*Universiteit van Stellenbosch*

## Bibliografie

Besten, Hans den, 'Double Negation and the Genesis of Afrikaans', in: Pieter Muysken & Norval Smith (red.), *Substrata versus Universals in Creole Languages. Papers from the Amsterdam Creole Workshop April 1985*. Amsterdam/Philadelphia 1986, 185-230.

Adhikari, Mohamed, *Not white enough, not black enough. Racial identity in the South African Coloured community*. Athens, Ohio / Kaapstad 2005.

Coetzee, Ampie, 'Swart Afrikaanse Skrywers: 'n diskursiewe praktyk van die verlede', in: *Stilet* 14, nr 8 (2002), 149-166.

Davids, Achmat, *The Afrikaans of Cape Muslims from 1815 to 1915*. Pretoria 2011.

Du Plessis, Clinton V, *Gedigte, talk show hosts & reality shows*. Cradock 2009.

Du Plessis, Clinton V, *Fokofafrikaans, 'n swanesang*. Geraadpleeg op 5 Mei 2010 via [http://www.argief.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause\\_dir\\_news\\_item&cause\\_id=1270&news\\_id=85427](http://www.argief.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270&news_id=85427).

Ferrus, Diana, *Ons komvandaan*, Kaapstad 2006.

Gerwel, G.J., 'Van Petersen tot die hede: 'n kritiese bestekopname', in: Julian F. Smith, Alwyn van Gensen, Hein Willemsse (red.), *Swart Afrikaanse skrywers. Verslag van 'n simposium gehou by die Universiteit van Wes-Kaapland, Bellville op 26-27 April 1985*. Bellville 1985, 11-22.

Hendricks, Frank, 'Om die miskende te laat ken: 'n blik op Adam Small se literêre gebruik van Kaaps', in: *Tydskrif vir Letterkunde* 49, nr. 1 (2012): 95-114.

Kamfer, Ronelda, *Noudat slapende honde*. Kaapstad 2008.

Kamfer, Ronelda, *Grond/Santekraam*, Kaapstad 2011.

Krog, Antjie & Schaffer, Alfred (red.), *Nuwe stemme 3*. Kaapstad 2005.

Rive, Richard, 'Culture, Colouredism, Kaaps', in: Julian F. Smith, Alwyn van Gensen en Hein Willemsse (red.), *Swart Afrikaanse skrywers. Verslag van 'n simposium gehou by die Universiteit van Wes-Kaapland, Bellville op 26-27 April 1985*. Bellville 1985, 60-68.

Ponelis, Fritz, *The Development of Afrikaans*. Frankfurt am Main 1993.

Roberge, Paul T, 'The Formation of Afrikaans', in: Rajend Meshtrie, (red.), *Language and Social History. Studies in South African Sociolinguistics*. Claremont 1995, 68-88.

Roberge, Paul T, 'Afrikaans', in: Ana Deumert & Wim Vandenbussche (red.), *Germanic Standardizations*. Amsterdam/Philadelphia 2003, 15-40.

Snyders, Peter, *Tekens van die tye*. Pretoria 2002.

Sôls, Loit, *My straat en anne praat-poems*. Kaapstad 1998.

Sôls, Loit, *Die faraway klanke vanne hadeda*. Kaapstad 2006.

Small, Adam, *Kitaar my kruis*. Tweede uitgawe. Kaapstad 1973.

Titus, Marius, *Genesing in vuil water*. Stellenbosch 1999.

Van Wyk, Steward, *Adam Small: Apartheid en Skrywerskap*. Universiteit van Wes-Kaapland 1999.

Willemse, Hein, "'n Inleiding tot buite-kanonieke Afrikaanse kulturele praktyke", in: H.P. van Coller (red.), *Perspektief en profiel. Deel 2*. Pretoria 1999, 3-20.

Willemse, Hein, *Aan die ander kant. Swart Afrikaanse skrywers in die Afrikaanse letterkunde*. Pretoria 2007.

**Gepubliseer in: Liebrechts, Peter, Praamstra, Olf en Van Zyl, Wium. 2013. *Zo ver en dichtbij. Literaire betrekkingen tussen Nederland en Zuid-Afrika*. Amsterdam: Suid-Afrikaanse Instituut, 285-301.**